

SA

SAGES WATERBERGTAK

Voorsitter : Skobol Swanepoel
Selfoon : 082 881 5504

Sekretaresse : Hanneljie Peschl
Selfoon : 082 923 4582

Vonkpos : stskobol@gmail.com

Vonkpos : peschlelectrical@gmail.com



Ons het die Hank Meter / André Basson toernooi gehad te Benoni Countryklub op 17 Augustus 2026. Oosrand het dit aangebied. Ongelukkig kon net 4 spelers die toernooi bywoon. Arno en Hanneljie Peschl het die Beterbalkompetisie gewen met 44 punte. Jakaranda het die IPS gekompetisie gewen. Oosrand het die Hank Meter sowel as die André Basson toernooi gewen. Hank Meter se tellings was Oosrand met 142 punte, Jakaranda met 133 punte en Waterberg met 113 punte. André Basson toernooi is ook deur Oosrand gewen met 157 punte en Jakaranda was tweede met 152 punte. Waterberg het te min spelers gehad om in aanmerking te kom.

We had the Hank Meter / André Basson tournament at Benoni Country Club on 17 August 2026. East Rand hosted it. Unfortunately only 4 players could attend the tournament. Arno and Hanneljie Peschl won the Better Ball competition with 44 points. Jacaranda won the IPS competition. East rand won the Hank Meter as well as the André Basson tournament. Hank Meter's scores were East Rand with 142 points, Jacaranda with 133 points and Waterberg with 113 points. André Basson tournament was also won by East Rand with 157 points and Jacaranda was second with 152 points. Waterberg had too few players to qualify.

Die Streekskampioenskappe het plaasgevind te Reading gholfbaan op 21 en 22 September 2026. Waterberg het 12 lede gehad wat deelgeneem het. Dankie aan Tom Low, Mareuil de Haas, Alvin Hoole, Jacques Potgieter, Deon du Plessis, Boesman Nel, Robert Abrahamse, Skobol Swanepoel, Johan Barnard, Arno en Hanneljie Peschl wat Waterberg verteenwoordig het. Jakaranda het die kampioenskap gewen.

The Regional Championships took place at Reading Golf Course on 21 and 22 September 2026. Waterberg had 12 members participating. Thanks to Tom Low, Mareuil de Haas, Alvin Hoole, Jacques Potgieter, Deon du Plessis, Boesman Nel, Robert Abrahamse, Skobol Swanepoel, Johan Barnard, Arno and Hanneljie Peschl who represented Waterberg. Jacaranda won the championship.

Ons moes ongelukkig die Kansadag wat op 8 Oktober 2026 te Euphoria sou plaasvind uitstel as gevolg van die Sonskyntoer wat daar plaasgevind het. Euphoria het ook 'n probleem met die betaling van speelgelde en 'n deposito moet nou betaal word. Ons het dit uitgestel na 26 November 2026 te Kameeldoring wat dan sommer ook ons afsluitingsfunksie sal wees. Die afsluiting wat op 3 Desember 2026 sou plaasvind het 'n probleem veroorsaak vir die lede wat reeds wil vertrek na familie vir die Desemberavakansie.

Unfortunately, we had to postpone the Cansa Day that was to take place on October 8, 2026 at Euphoria because of the Sunshine Tour that took place there. Euphoria also has a problem with the payment of playing fees and a deposit must now be paid. We have postponed it to November 26, 2026 at Kameeldoring which will then also be our year end function. The year end function that was supposed to take place on December 3, 2026 has caused a problem for the members who already want to leave for family for the December holidays.

Die maandbyeenkoms vir Oktober 2026 sal nou plaasvind te Thabazimbi Golfbaan op 15 Oktober 2026. Ons is bewus daarvan dat dit bots met ander byeenkomste, maar dit was die datum wat beskikbaar was. Ondersteun asb hierdie byeenkoms aangesien dit ons laaste maandbyeenkoms vir 2026 sal wees. Skobol het baie moeite gedoen om te reël vir heerlike pap en t-been na die dag se spel. Thabazimbi het ook nou genoeg karretjies om almal te akkommodeer. Speelfooi sal R420.00 per speler wees wat speelgeld, karretjie en t-been, pap en sous insluit. Die formaat sal 'n 2 bal beterbal met keuse bofhou wees en ons slaan 09h00 af. Ons hoop om julle almal daar te sien.

The monthly event for October 2026 will now take place at Thabazimbi Golf Course on October 15, 2026. We are aware that this clashes with other events, but this was the date that was available. Please support this gathering as it will be our last monthly gathering for 2026. Skobol went to great lengths to arrange for delicious porridge and t-bone after the day's game. Thabazimbi also now has enough carts to accommodate everyone. Playing fee will be R420.00 per player which includes play money, cart and t-bone, porridge and sauce. The format will be a 2 ball better ball with scramble drive and we tee off at 09h00. We hope to see you all there.

Die Kansadag sal op Kameeldoringgholfsklub gespeel word op 26 November 2026. Dit beloof om 'n heerlike "fun" dag te wees. Die formaat is 'n "full American scramble". Dit sal ook ons afsluitingsfunksie wees. Trek asb pienk aan. Ons sal 09h00 afslaan. Bring asb julle vriende saam sodat ons 'n volveld kan hê. Meer inligting sal by Thabazimbi deurgegee word.

The Cansa Day will be played at Kameeldoringgholfsklub on November 26, 2026. It promises to be a wonderful "fun" day. The format is a "full American scramble". This will also be our year end function. Please dress in pink. We will tee off at 09h00. Please bring your friends so that we can have a full field. More information will be passed on at Thabazimbi.

Die nuwe jaarprogram sal opgestel word en aan verteenwoordigers deurgegee word om na lede te stuur. Gee asb voorstelle wat ons kan implimenter. Ons moet in ag neem dat die petrolprys moontlik 'n effek op ons maandbyeenkomste kan hê.

The new year program will be drafted and passed to representatives to send to members. Please give suggestions that we can implement. We must take into account that the price of petrol may have an effect on our monthly gatherings.

Lief en Leed:

Sarel Coetzee en Janet Roets sterk aan na operasies.
Ons hou steeds vir Pieter van Graan in ons gebede.
Jakkie van der Wateren is oorlede en ons dink aan sy familie.

Joys and sorrows:

Sarel Coetzee and Janet Roets are recovering strongly after surgery.
We still hold Pieter van Graan in our prayers.
Jakkie van der Wateren passed away and our thoughts are with his family.

Nuwe lede:

Ons heet André v/d Kooi, Jacques Erasmus, Christo Coetzee, Pieter de Beer, Gordon Williams, Edmond Botha welkom by Waterberg. Ons vertrou dat julle reeds welkom voel hier by ons.

New Members:

We welcome André v/d Kooi, Jacques Erasmus, Christo Coetzee, Pieter de Beer, Gordon Williams, Edmond Botha to Waterberg. We trust that you already feel welcome here with us.

Sages groete.
Best regards